

carpe diem kleuterskool

Adres: NG Kerk Kloofendal, Opalstraat 19, Kloofendal, Roodepoort 1724
Telnr: 011 475 2190 | Sel: 082 568 4230 | Faks: 086 655 1052
E-pos: annelize.floor01@gmail.com | Webblad: www.carpediemkleuters.co.za



Beste Carpe Diem ouers

COVID-19 Protokol

Saam met Covid-19 en al die wetgewing daar rondom, moet ons by die kleuterskool ook verskeie aanpassings maak. Ons gaan ons beste doen om elke kind, personeellid en ouer se gesondheid 1ste te stel. Hiervoor het ons asseblief 100% samewerking van elke ouer af nodig. Dit is ook belangrik om nie kinders bang te maak of verder te traumatiseer nie, maar op positiewe manier goed voor te berei vir die verandering.

ONS FOKUS GAAN WEES OP DIE EMOSIONELE WELSTAND VAN DIE KINDERS, SEKURITEIT EN LIEFDE. SODRA HIERDIE ASPEKTE WEER MOOI IN PLEK IS BY DIE KINDERS SAL ONS WEER EKSTRA AANDAG AAN DIE AKADEMIESE VAARDIGHEDDE GEE EN INHAAL WAAR IETSIE DALK DEUR HIERDIE TYD AGTER GERAAK HET.

BAIE BELANGRIK!! Geen kind sal toegelaat word sonder die getekende vrywaringsvorm nie.

Ek stuur ook video's om prosesse te verduidelik en alles mooi vir julle te wys en te verduidelik

Veranderinge wat ons aangebring het:

1. Ons het klaskamers geruil om hoeveelheid kinders by die grote van die klaskamer aan te pas.
2. Klasse het eie toilet en wasbak gekry, sodat hul nie te veel tussen mekaar hoef te beweeg om na die groter algemene badkamer toe te gaan nie.
3. Daar is skoonmaaklyste waarop ons sal afmerk wat en wanneer als in elke vertrek ontsmet is. Dit herinner ons om nie klein goedjies te mis nie.
4. Tydens etes, of ander aktiwiteite sal daar slegs 2 kleuters op 'n slag by 'n tafeltjie sit, met 'n skerm tussen hulle.
5. Vloere het voetjies op geveer wat ongeveer 1,5m uitmekaar is. Moto sal wees 'voetjies op voetjies' ... dit is vir die sosiale afstand sonder om militaristies te raak met blokke en lyne en kolle.
6. Stoeltjies het dieselfde simbooltjies op as wat daar by die tasse en kunswerk is, sodat kleuters elke keer op dieselfde stoel sit.
7. Daar is spesiale kleiner sanitêre stasies regdeur die skool wat kleuters self kan trap om hande te saniteer.
8. Daar is ook sanitêre spuitbottels orals in die skool om in die lug te spuit of ander voorwerpe skoon te maak.
9. Elke klas het eie skoonmaaktoerusting sodat dit nie enige verspreiding tussen klasse kan veroorsaak nie.
10. Vir alle skoonmaakdoeleindes, sal daar ontsmettingsmiddel in warm water gebruik word.

Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daarvoor juig en bly wees (Psalm 118:24)

carpe diem kleuterskool

Adres: NG Kerk Kloofendal, Opalstraat 19, Kloofendal, Roodepoort 1724

Telnr: 011 475 2190 | Sel: 082 568 4230 | Faks: 086 655 1052

E-pos: annelize.floor01@gmail.com | Webblad: www.carpediemkleuters.co.za



11. 'n Lokaal is ingerig as 'saniteer-stasie' met ontsmettingsmiddels om speelgoed wat in die klas mee gespeel is, dadelik te gaan afspoel en in die son te laat droogword voordat dit teruggaan stoor toe.
12. Die kerk se moederskamer is ook tot ons beskikking om as kwarantynarea te gebruik indien enige kind of personeellid deur die dag enige simptome sou begin wys.
13. Eekhoringklas kry nuwe 'speelkussings', oorgetrek met waterdigte materiaal vir makliker sanitering en dan ook 7 verskillende kleure slopies sodat 'n kind altyd op dieselfde een sal gaan sit of lê.
14. 'Cotte' word alles gewas en gesaniteer en 1.5m uitmekaar geskuif.
15. Hele skool is gewas en gesaniteer...selfs elke prentjie teen die mure was af gewees.
16. Ek en Manesse het ook 'Cooking Safely during Covid-19' kursus gedoen, om seker te maak dat alles veilig en binne die reëls in die kombuis geskied.
17. Geen-kontak koorsmeters is aangeskaf
18. Kleuters se koors sal ongeveer 3 keer per dag gemeet word.

Benodigdhede van ouers se kant af

1. Kinders moet elke dag skoon klere aantrek
2. Kinders vanaf 2 jaar moet 'n hoedjie met 'shield' dra of 'n gewone deursigtige gesigskerm of masker aanhê. Hierdie 'ppe' moet elke aand gewas word of goed met saniteermiddel gespuit word
3. Maats wat nog by die skool slaap, moet elke dag 'n skoon slopie en komborsie saambring, anders sal die kind nie daardie middag slaap nie.
4. Geen krale, speelgoed, kosblikke of waterbottels mag in die kinders se tasse of in die hand skooltoe kom nie
5. Elke kleuter moet sy eie skryfbehoeftes bring, aangesien dit onmoontlik is om elke kryt te saniteer nadat 'n kind daaraan geraak het.
 - Pak asb die volgende goed in 'n duidelik gemerkte 2liter roomysbak.
 - Als moet duidelik gemerk wees
 - Die bak met skryfbehoeftes sal einde van die jaar weer huistoe gestuur word.
 - Dit hoef glad nie nuwe goed te wees nie, raap en skraap gerus tussen als by die huis.
 - Ek het ook kwotasie by 'n verskaffer gekry, sou iemand eerder 'n bak met als in wou aankoop.

carpe diem kleuterskool

Adres: NG Kerk Kloofendal, Opalstraat 19, Kloofendal, Roodepoort 1724
Telnr: 011 475 2190 | Sel: 082 568 4230 | Faks: 086 655 1052
E-pos: annelize.floor01@gmail.com | Webblad: www.carpediemkleuters.co.za



APIES (R90)

Dik vetkryte
Buisie gom (soos prit)
Bol soutklei in ziplock sakkie
2 Dikkerige verfkwaste

LEEUS (R130)

Uitdraaikryte
Buisie gom (soos prit)
Bol soutklei in ziplock sakkie
2 Medium verfkwaste
Skêr

OLIFANTE (R170)

Uitdraaikryte
Dikker Koki's
Buisie gom (soos prit)
Bol soutklei in ziplock sakkie
2 medium en 1 dunner verfkwas
Skêr

Kameelperde (R190)

Uitdraaikryte
Gewone Koki's
Gekleurde potlode
'Whiteboard marker'
Buisie gom (soos prit)
Bol soutklei in ziplock sakkie
3 x dunner verfkwaste
Skêr

Reelings met aflaai in die oggende

1. Eekhorning-maats(3-18maande) word soos gewoonlik in hul klas by hul juffrouens afgelaai. Saniteer asb jul hande wanneer jul die gebou binne kom en dra 'n masker.
2. Koors sal dadelik geneem word en opgeskryf word. **Koors bo 37,5** gaan baba weer huistoe moet gaan. Ons mag GEEN uitsonderings maak nie, ongelukkig nie eers vir moontlike tandesny- koors nie.
3. Boekiesisteem sal steeds gebruik word vir kommunikasie. Boekie sal elke oggend met lappie afgevee word. Help ons asb deur nie die boekies orals uit te haal of op ander oppervlaktes by huise neer te sit nie.
4. Apies word by die agterdeur van die skool, direk by hul nuwe klaskamer afgelaai.
5. Leeus en Olifante word by die gewone glasdeur afgelaai.
6. Kameelperde word by hulle klaskamer afgelaai.
7. **GEEN OUER MAG IN DIE SKOOLGEBOU INKOM NIE.**
8. **SANITEER ASB JUL HANDE BY DIE SKOOL SE BUITENSTE HEKKIE.**
9. **DRA ALTYD 'N MASKER.**

carpe diem kleuterskool

Adres: NG Kerk Kloofendal, Opalstraat 19, Kloofendal, Roodepoort 1724
Telnr: 011 475 2190 | Sel: 082 568 4230 | Faks: 086 655 1052
E-pos: annelize.floor01@gmail.com | Webblad: www.carpediemkleuters.co.za



10. Personeellid gaan die volgende doen:

- Koors neem (indien koors bo 37,5 is, moet kleuter weer huistoe gaan. GEEN UITSONDERING)
- Kyk dat naels kort is.
- Dogtertjies se hare styf vasgemaak is.
- Kleuter se skoene en tassie spuit met sanitizer

11. Ouers moet die volgende elke dag doen:

- Vul kort vraelysie oor simptome vinnig in. (**BRING ASB EIE PEN SAAM, SPAAR TYD OM ELKE KEER TE SANITEER.**)
- Groet kleuter asb vinnig, nie draai nie, nie op klimaparate speel nie.
- Boodskappe of kommunikasie aan juffrou moet via whatsapp gestuur word.

Reëlins vir oplaai in die middag

1. Eekhorings word soos gewoonlik in hul klas opgelaa. Ouers moet hande saniteer en masker dra.
2. Apies, Leeus, Olifante en Kameelperde sal of buite, of in hul klaskamers wees. Almal gaan nie saam kan speel nie, daarom sal hul beurte maak vir buite en daar sal 'n personeellid saam met elke groep in hul eie klas wees vir toesig.
3. Kinders word buite die skool by die glasdeur gekry, of agter by apieklas, of by kameelperdklas se deur.
4. Daar mag steeds geen ouers in die skool ingaan nie.
5. Saniteer hande by die hek en dra masker. Geen ander familie of vriende mag by die skool se hekkie inkom nie. Slegs 1 volwassene per kind.

Algemeen

1. Verandering van klaskamers:
Eekhorings – als is nog dieselfde daar.
Apies – klaskamer het geskuif na die agterste klas by hul speelterrein (Dit was die Olifantklas van Juff Ilona)
Leeus – Die groot klas waar ons inkom by die glasdeur, is nou die leeutjeklas. (Dit was Juff Lydia se apieklas)
Olifante – Die klaskamer verby die kantoor, is nou die Olifante (Dit was die Leeutjeklas van Juff Annelize)
2. Geen ouers of ander persone mag by die skoolgebou inkom nie, en beperkte toegang op buitenspeelarea
3. Geen boekies sal geskryf word nie, en die boekies mag ook nie eers in die tasse wees nie.

carpe diem kleuterskool

Adres: NG Kerk Kloofendal, Opalstraat 19, Kloofendal, Roodepoort 1724
Telnr: 011 475 2190 | Sel: 082 568 4230 | Faks: 086 655 1052
E-pos: annelize.floor01@gmail.com | Webblad: www.carpediemkleuters.co.za



4. Ons sal op whatsapp groepe ietsie deel oor die klasaktiwiteite en enige persoonlike boodskap sal ons aan die kind se ma stuur via whatsapp.
5. Indien daar enige vrae of bekommernisse is, kontak myself asb via whatsapp, e-pos of oproep
6. Wees asb geduldig. Hierdie is nuut en vreemd vir ons almal. Ek verseker julle dat ons net ons beste probeer. Agteraf besprekings en skinder gaan niks en niemand help nie. Kom praat altyd eerder direk met my.
7. Moet asb nie kanse vat en koors ontduik deur medisyne te gee voor aflaaï nie. Baie kinders en personeel se gesondheid is op die spel.
8. Onthou asb ook dat kinders net kinders bly en basiese behoeftes het. Ons kan nie verwag dat hul soos soldate gaan optree, of hanteer moet word nie. Deur elke stukkie Covid-19 riglyn op kleuters af te forseer, kan net meer emosionele trauma veroorsaak wat hoegenaamd nie die moeite werd is nie. Ons gaan hul fyn dophou en ekstra aandag aan die emosionele aspekte gee om seker te maak daar word nie goed opgekrop wat hul leer en ontwikkeling gaan beïnvloed of gedragsversteurings oor 'n paar jaar kan veroorsaak nie. Wees asb ook oopkop en behulpsaam daarmee. Ons is werklik bekommerd oor die impak op die kinders se emosionele ontwikkeling.
9. Probeer altyd positief en opbouende kommentaar voor die kinders gee oor hierdie 'nuwe-normaal'.
10. Kleuters voel jul spanning aan, daarom moet ons as ouers aanhou om die onmoontlike te doen, en die spanning en onsekerheid weg te steek van kleuters.
11. Gee baie ekstra sekuriteit en liefde nou aan die kleuters. Vaste roetine en kort 'one-on-one' sessies bv storielees terwyl kleuter op jou skoot sit, of om hul net ekstra styf vas te hou en meer drukkies te gee is baie belangrik. Selfs ekstra fisieke aktiwiteite en 'rofspeel' soos stoei is ideaal hiervoor.

Wat julle as ouers nou al by die huise moet doen:

- Leer en oefen die kinders om hul hande **deeglik en korrek te was**
- Leer en oefen die kinders om die **saniteerders mooi orals oor handjies te vryf**
- Hou hande uit gesigte
- Dra solank die hoedjies en of gewone gesigskerm
- Gesels met kleuters dat hul nie maatjies mag drukkies gee of stoei by die skool nie
- Gesels met leerders en kry moontlik beloningskaart gereed vir mooi vinnig groet en klas toe stap in die oggend.

Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daarvoor juig en bly wees (Psalm 118:24)

carpe diem kleuterskool

Adres: NG Kerk Kloofendal, Opalstraat 19, Kloofendal, Roodepoort 1724

Telnr: 011 475 2190 | Sel: 082 568 4230 | Faks: 086 655 1052

E-pos: annelize.floor01@gmail.com | Webblad: www.carpediemkleuters.co.za



kleuterskool
gryp die dag
christelik georiënteerd

Die personeel is almal Covid-19 opgelei, opgewonde en gereed vir ons maats. Ons sien baie uit om al die kleuters terug te verwelkom by die skool!!!!!!

Groete,

Annelize Floor (Hoof)